Sondag

9 Junie 2019 11:00

Pinelands, Kaapstad

kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 188

O God, so ryk en goed,
gee ons solank ons lewe
altyd 'n blye hart;
as dit u wil is: vrede.
Laat u genade ons
beveilig teen gevaar,
in donker ure ons
van struikeling bewaar.

Lof, eer sing ons voor God,
die bron van alle lewe –
die Vader, Seun en Gees,
almagtig en verhewe.
Drie-enig God, ons roem
u krag en majesteit.
O Heer, ons wil U noem:
ons God in ewigheid!

Woorddiens

Tema: Praat namens my

Skriflesing: Johannes 14:8-17 (1953)

[8] Filippus sê vir Hom: Here, toon ons die Vader, en dit is vir ons genoeg.
[9] Jesus sê vir hom: Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien. En hoe sê jy: Toon ons die Vader?
[10] Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek nie uit Myself nie; maar die Vader wat in My bly, Hy doen die werke.
[11] Glo My dat Ek in die Vader is, en die Vader in My; of anders, glo My ter wille van die werke self.
[12] Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo — die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan.
[13] En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word.
[14] As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen.
[15] As julle My liefhet, bewaar my gebooie.
[16] En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid:
[17] die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.

Broodjies vir die pad

"We have to speak up on behalf of those who cannot speak for themselves."
— Peter Singer, Animal Liberation

Peter Albert David Singer is an Australian philosopher. He is the Ira W. DeCamp Professor of Bioethics at Princeton University, and laureate professor at the Centre for Applied Philosophy and Public Ethics (CAPPE), University of Melbourne. He specializes in applied ethics, approaching ethical issues from a secular preference utilitarian perspective.

He has served, on two occasions, as chair of philosophy at Monash University, where he founded its Centre for Human Bioethics. In 1996, he ran unsuccessfully as a Green candidate for the Australian Senate. In 2004, he was recognized as the Australian Humanist of the Year by the Council of Australian Humanist Societies.

Outside academic circles, Singer is best known for his book Animal Liberation.

https://www.goodreads.com/author/show/12397.Peter_Singer

Animal Liberation

The Book That Started A Revolution

Since its original publication in 1975, this groundbreaking work has awakened millions of concerned men and women to the shocking abuse of animals everywhere -- inspiring a worldwide movement to eliminate much of the cruel and unnecessary laboratory animal experimentation of years past.

In this newly revised and expanded edition, author Peter Singer exposes the chilling realities of today's "factory forms" and product-testing procedures -- offering sound, humane solutions to what has become a profound environmental and social as well as moral issue. An important and persuasive appeal to conscience, fairness, decency and justice, *Animal Liberation* is essential reading for the supporter and the skeptic alike.

https://www.goodreads.com/book/show/29380.Animal_Liberation

"The so-called consumer society and the politics of corporate capitalism have created a second nature of man which ties him libidinally and aggressively to the commodity form. The need for possessing, consuming, handling and constantly renewing the gadgets, devices, instruments, engines, offered to and imposed upon the people, for using these wares even at the danger of one's own destruction, has become a "biological" need."
— Herbert Marcuse

"the change I want to define and trace is one which takes us from a society in which it was virtually impossible not to believe in God, to one in which faith, even for the staunchest believer, is one human possibility among others. I may find it inconceivable that I would abandon my faith, but there are others, including possibly some very close to me, whose way of living I cannot in all honesty just dismiss as depraved, or blind, or unworthy, who have no faith (at least not in God, or

the transcendent). Belief in God is no longer axiomatic. There are alternatives. And this will also likely mean that at least in certain milieux, it may be hard to sustain one's faith." — Charles Taylor, A Secular Age

Charles Margrave Taylor CC GOQ FBA FRSC is a Canadian philosopher, and professor emeritus at McGill University. He is best known for his contributions to political philosophy, the philosophy of social science, history of philosophy and intellectual history. This work has earned him the prestigious Kyoto Prize, the Templeton Prize, the Berggruen Prize for Philosophy, and the John W. Kluge Prize, in addition to widespread esteem among philosophers.

https://www.goodreads.com/author/show/14187.Charles_Taylor

Brood vir die pad

'n Nar, die meisie in swart en vrees by SAUK

Carla Lewis

Foeta Krige, afgetrede uitvoerende regisseur van RSG se nuusaktualiteitprogramme, het sedert 1994 onder 12 uitvoerende hoofde in die SAUK gedien.

Hy het die Snuki Zikalala-era met sy berugte "swartlys", wat vervaardigers belet het om sekere kommentators wat krities oor die Mbeki-regime was in hul aktualiteitsprogramme te gebruik, oorleef.

Toe Krige in Mei 2016 ingeroep is vir 'n vergadering met die SAUK se topbestuur om die nuwe redaksionele beleid met hom te bespreek (en af te dwing), het hy homself en sy span joernaliste probeer gerusstel.

Hulle is al hierdeur en die moontlikheid is sterk dat hulle weer deur iets soortgelyks sal gaan. Hulle word immers deur die redaksionele kode beskerm.

"Ons moet net seker maak ons beoefen uitnemende joernalistiek, veral met die verkiesing net om die draai," het hy die span probeer motiveer.

In sy boek, *SABC 8*, skryf Krige dat hy toe reeds onseker was oor hoe sake sou verloop.

"Dié keer was die dreigemente baie meer direk en blatant, en die bron daarvan iemand wat meer egosentries en impulsief was." Die feit dat Hlaudi Motsoeneng se terreurbewind geduld is in 'n organisasie waar die werknemers veronderstel is om intelligente, opgevoede en verantwoordelike landsburgers te wees, was vir hom onrusbarend.

Die opkoms van 'n nar

"Dis een van die dinge wat ek in die boek probeer beklemtoon, ek kan nie verstaan hoe 'n klomp kreatiewe, denkende mense toegelaat het dat iemand soos Hlaudi Motsoeneng so 'n sterk greep op die nuuskantoor kon kry nie.

"Die kaping van die SAUK en sy nuuskantoor het nie oornag gebeur nie, dit was 'n subtiele proses."

Aan die begin het niemand Motsoeneng ernstig opgeneem nie; inteendeel, hulle het gedink hy is 'n grap.

"Ek kan onthou as Hlaudi Motsoeneng opgekom het nuuskantoor toe en begin babbel het in sy grammatikaal swak, onsamehangende Engels, het almal gelag en dan aangegaan met hul werk asof niks gebeur het nie.

"Niemand was bekommerd dat iemand wat baie duidelik nie in daardie pos gehoort het die septer oor die SAUK se nuuskantoor geswaai het.

"Ek dink daar moes toe al 'n opstand in die nuuskantoor plaasgevind het."

Krige sê wanneer jy kyk na staatskaping en die kaping van die SAUK, lyk dit asof iemand amper 'n handleiding, *Hoe om 'n organisasie te kaap 101*, geskryf het en aan die lakeie uitgedeel het.

"Daar is sekere reels:

"1. Bring iemand met mag in, of iemand wat deur mag gesteun word.

"2. Raak ontslae van al die teenstanders.

"3. Gebruik hofsake om die proses te vertraag."

Doodsdreigemente

"As jy gaan kyk na die koerantberigte van daardie tyd, skryf almal oor die toksiese atmosfeer by die SAUK. Maar op die ou end raak dit ook 'n geykte uitdrukking."

Buitestanders, meen Krige, begryp nie regtig hoe sleg dit by die openbare uitsaaier gegaan het nie.

"Maar wat maak jy wanneer iemand na jou toe kom en sê: 'Ek wil jou vertel wat vanoggend in my aktualiteitsprogram gebeur het, maar ek is te bang om in die SAUK met jou te praat? Kan jy my op die parkeerterrein kry?' Dan kom jy en jy sit langs die persoon en hulle het 'n hele brief met die hand geskryf oor hoe daar die oggend ingemeng is in hul program. Jy vra die brief, maar hulle is te bang om dit vir jou te gee, want netnou word die handskrif herken."

Hulle wou dit nie op hul rekenaar tik nie, want dalk is dit gekraak en die brief word onderskep.

"Weet jy hoe voel dit om in so 'n omgewing te werk, waar mense die hele tyd oor hul skouer loer en saggies in die rookkamers fluister?

"Jy het nie geweet wie die is een wat die stories aandra nie. As jy kyk na die doodsdreigemente waar daar kommentaar gelewer word oor 'die meisie wat vandag mooi in swart gelyk het', dan weet jy dis iemand in die nuuskantoor wat daardie inligting aan iemand gegee het wat dit in 'n doodsdreigement omskep het.

"Daar was wantroue in mekaar en in jou kollegas. Jy het nie geweet wie om te vertrou nie.

"Daardie hele atmosfeer het ons probeer vasvang met twee woorde: 'vrees' en 'toksies'. Ek weet nie eens of ek dit regtig kon vasvang in die boek nie."

Met sy boek wou hy ook wys waardeur fluitjieblasers gaan wanneer hulle onregmatighede aan die kaak stel.

"Jy lees altyd in die koerante van die fluitjieblasers, maar niemand gaan kyk ooit na die uitwerking wat dit op daardie persoon, sy geestesgesondheid, sy familie en sy lewe het nie.

"Ek wou met die boek wys dat die sogenaamde SAUK-8 doodgewone mense is en as gevolg van 'n sekere sameloop van omstandighede by mekaar uitgekom het. Selfs die naam, SAUK-8, is iets wat deur die media uitgedink is om ons in hoofopskrifte te laat inpas.

"Ons was egter agt uiteenlopende mense met verskillende belange. Ons het net een ding gemeen gehad: ons passie vir mediavryheid en dat die openbare uitsaaier beskerm moet word teen inmenging van buite. Ons wou die nuuskantoor koeëlvas maak teen inmenging van buite, maar steeds deursigtig wees."

https://www.netwerk24.com/Vermaak/Boeke/n-nar-die-meisie-in-swart-en-vrees-by-sauk-20190605

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877